BLOEMHOFDAM BONANZA 2007

WELCOMING/ VERWELKOMING

Dit is weereens vir **Eko-Care Trust** 'n groot voorreg om U, die hengelaar, by vanjaar se **SPAR Bloemhofdam Bonanza** te verwelkom. Dit is die sewende jaar wat Eko-Care Trust die Bloemhofdam Bonanza aanbied. Ons bedank **SPAR** wat weer vanjaar die hoofborg van die Bloemhofdam Bonanza is. Laasjaar se Bloemhofdam Bonanza was 'n reuse sukses en dit was die naasgrootste binnelandse hengeltoernooi op die hengelkalender van 2006. Die deelnemers het gespog met goeie vangste en uitstekende pryse is gewen. 'n Spesiale verwelkoming aan ons families by die Bonanza. Die Bloemhofdam Bonanza word weer vooraf gegaan met die gewilde **Stywe Lyne Spanne Hengelkompetisie** op Vrydag. Meer daaroor in die program.

We have lined up beautiful prizes in excess of R700 000 to be won! This makes the Bloemhofdam Bonanza the inland fishing tournament with the highest prize value in South Africa! The overall winner becomes the owner of sectional title **property at Verlatenkraal next to Bloemhof Dam to the value of R400 000**! This prize will be won by the angler with the most points for a carp and catfish counted together according to the revised Eko-Care Fishing tables.
The second prize is a brand new **Army 5x5 Canvas Tent plus accesories sponsored by Klerksdorp Canvas & Mining Supplies.** There are 10 prizes for boat and shore anglers respectively, calculated according to the revised Eko-Care Fishing Tables. The first Top Ten angler, boat and shore respectively, wins R10 000 cash each!
We want to thank **SPAR** who is sponsoring cash vouchers to the value of R20 000 for the top ten division and also R10 000 vouchers for the first five ladies prizes. **SPAR - G*ood for you*!** You will see it in the Prizes! The first 2000 participant will also receive a goodie bag with ice, six pack Pepsi Cola and a Sasco loaf of bread with the compliments from **SPAR**. The **SPAR at Bloemhof** invites all the participants to visit them for "in store specials", free hampers and many prizes. Support **SPAR** and buy your weekend groceries at **SPAR** in Bloemhof.
Daar is ook spesiale pryse geborg deur **Exel Bloemhof** op die spel vir ons junior hengelaars by vanjaar se toernooi.
Unbelievable prizes are up for grabs in the **Big Banger** division:
Westvaal Klerksdorp sponsors a **Opel Corsa bakkie** too the value of R80 000 and there is **R30 000 cash** for the shore and boat anglers respectively sponsored by **Exel**!
Daar is weer fantastiese **Lucky Draws** om te wen:
Leisure Club borg twee fantastiese vakansie pryse vir joue en jou gesin! **Paindane Holiday Resort** sponsor the **Pre-Entry lucky draw** with a holiday worth **R10 000** at their beautiful resort in Mozambique. So hurry up and get your angling tickets!
Super Cast is weer ons borg vir die gewilde **Water is Lewe** kompetisie met kontant ter waarde van **R3000**!

Hartlike dank aan **Tosca's Hengelgerei** (Riebeeckstad) wat 'n hengelgereiwinkel by Sandveld het om u te voorsien van hengelgerei waar nodig. Fishing rods and reels, all the best baits and dupas, keep nets, everything at special prizes!
Hartlike dank aan ons hoofborge asook al ons ander gewaardeerde borge. Ondersteun asseblief ons borge sonder wie se borgskappe hierdie hengeltoernooi nie moontlik sou wees nie.
This Fishing Bonanza is a very important opportunity to the organizers to create an awareness amongst the participants to conserve our aquatic ecosystems. The **Leisure Club "Keep the Dam Clean"** competition and **Super Cast "Water is Life"** competition are as usual part of the Bonanza. Although none of the target fish species are endangered, if you can't use your fish, release it unharmed back into the water. All proceeds of this tournament will go towards conservation of our angling waters.

Ons sien daarna uit om u as ons gaste by die Bloemhofdam Bonanza te ontvang. Geniet die hengeltoernooi!

Die Organiseerder: Eko-Care Trust

Hartlik welkom aan al ons gaste by Noordwes Parkeraad Bloemhofdam en Sandveld Natuurreservaat. Bloemhofdam is bekend as die nommer een hengelbestemming in Suid-Afrika. Dit is ons visie dat die Bloemhofdam Bonanza die grootste binnelandse hengeltoernooi in Suid-Afrika sal word!
We trust that everybody will enjoy this weekend at Bloemhof Dam. Our thanks to the Organisers and sponsors of this great event. We are looking forward to welcome you back next year. Best of luck to all the participants! May the best angler win!

Steven Gore
Bloemhof Dam
Northwest Parks Board

Pieter Bosch
Sandveld Nature Reserve
Free State Province

BOODSKAP VAN ONS BORGE:

SPAR
It is a great privilege for **SPAR** to again be the naming right sponsor for this year's **SPAR Bloemhofdam Bonanza**. SPAR is the biggest Supermarket group in the world and we have 700 supermarkets in South Africa to serve you. We realize anglers are consumers and therefore they are important customers to SPAR. The first 2000 participants at the Bloemhof Bonanza will receive with the compliments of SPAR a bag of ICE and a nice goodie bag. SPAR will again, like at last year's Bloemhofdam Bonanza, sponsor thousands of Rands worth of SPAR cash vouchers. We will again also sponsor SPAR cash vouchers to the value of R10 000 for the first five ladies. Be there and experience SPAR is good for you!
VERLATENKRAAL LEEFSTYL LANDGOED

Ons is besig met ‘n baie unieke eiendomsontwikkeling by Verlatenkraal langs Bloemhofdam. Verlatenkraal is van die mees gesogte gedeeltes langs Bloemhofdam en dit is beslis elke hengelaar se droom om ‘n deel hiervan te kan besit. Mag die beste hengelaar se droom by die Bloemhofdam Bonanza bewaarheid word! ‘n Beperkte hoeveelheid grond is beskikbaar vir ontwikkeling. Skakel gerus vir Melanie by telefoonnommer 082 316 3061 of 082 316 3066 om jou deeltitelerf by Verlatenkraal te bekom.

STYWE LYNE / TIGHT LINES

Dit is ‘n groot voorreg om die hoofborg van die Spanne Kompetisie te wees. Vanjaar is daar R35 000 se kontant om in die spanne kompetisie te wen. Welkom aan al die hengelaars. Ons glo dat hengeltoernooie ‘n groot bydrae lewer om hengel te bevorder en nuwe mense na hengel te trek. Daarom dat ons hier is. Geniet die visvang. Stywe Lyne!

Exel

Exel het homself gevestig as een die groot borge van die Bloemhofdam Bonanza. Vanjaar doen ons dit met groot kontant pryse aan die hengelaar! Ons weet die brandstofpryse het geweldig gestyg en wil graag kontant terug sit in u sak. Exel het ‘n vulstasie in die hoofstraat van Bloemhof (Kimberley se kant). Kom vul gerus jou motor en boot se brandstof by ons. Ons het ook ‘n **TopShop** by die dam om u te help met ys, hout, sigarette, ens. gedurende die Bloemhofdam Bonanza. Exel, “For the people going places.”

Klerksdorp Canvas & Mining Supplies

Dankie vir die geleentheid om weer betrokke te kan wees. Ons ondersteun Eco-Care Trust in hulle pogings om na ons waterbronne om te sien.

Westvaal Klerksdorp

Welkom aan al die deelnemers by vanjaar se Bonanza. Dit is vir ons aangenaam om weer by vanjaar se Bloemhofdam Bonanza te wees. Ons het die vorige keer ‘n Opel Corsa weggegee en hoop ons kan dit weer vanjaar doen. Kontak ons gerus indien julle nuwe wiele nodig het. Skakel 018 406 5800.

Super Cast

Dit is vir Super Cast aangenaam om u as hengelaar te ondersteun by die SPAR Bloemhofdam Bonanza. Die gewilde Super Cast Water is Lewe kompetisie word deur ons geborg. Mag julle daardie grootte vang met een van Super Cast se topgehalte aas!

The Leisure Club

It is a great pleasure to once again sponsor some of the nicest dream holidays available to the participants in the Bloemhofdam Bonanza.

Paindane Holiday Resort, Mozambique

Vir die beste visvang, boot- of strandhengel en gesinsvakansie langs die Mosambiekse kus. Koop jou hengelkaartjie vooraf om vir ‘n fantastiese vakansie by ons te kwalifiseer. Skakel 013 719 9772.

Morar Fishing Klerksdorp

Ons was nog by elke Bloemhofdam Bonanza betrokke. Dankie vir die hengelaars se ondersteuning om dit so ‘n lekker geleentheid elke jaar te maak.

PROGRAM

Donderdag 26 April 2007

- Registrasie vanaf 08h00 by hekke
- Geen hengel na 18h00 – Visentering van nette

Vrydag 27 April 2007 - Stywe Lyne Bonanza Spanne kompetisie

- 06h00 Vissentering van bote en oewerhengelaars se hounette
- 06h00 Launching of boats
- 07h00 Boats, orderly departure to fishings spots.
- 08h00 Hengelkompetisie begin met afsit van flare deur SAPS Watervleuel.
- Hengelkompetsie sluit 16h00
- Inweeg by Sandveld oop 14h00 tot 17h00
- Prysuitdeling sodra inweeg afgehandel is, ongeveer17h30, Sandveld
- Geen hengel na 18h00 – visentering van nette

Saterdag 28 April 2007 – Spar Bonanza

- Geen hengel totdat Spar Bonanza amptelik begin
- 06h00 Vissentering van bote en oewerhengelaars se hounette
- 07h00 Launching of boats & orderly departure to fishings spots
- 08h00 Oewerhengel begin met afsit van flare deur SAPS Watervleuel.
- 09h00 Boothengel begin
- Inweeg 11h00 -19h00 (LW. Vis kan enige tyd geweeg word tydens hengelkompetisie skakel 082 632 5999)

Sondag 29 April 2007 – Spar Bonanza

- 06h00 Inweeg open
- 08h00 Lines up – shore anglers
- 09h00 Weigh-in ring close – shore anglers
- 09h00 Lines up boat anglers
- 10h00 Weigh-in ring close – boat anglers
- 12h00 Prizegiving follows as soon as weigh-in is finalized

PRYSE / PRIZES

- **1st Overall Prize: Sectional Title property at Verlatenkraal (Bloemhofdam) to the value of R400 000!**
- **2nd Overall Prize: Army 5x5 Canvas Tent plus accesories to the value of R12 000 sponsored by Klerksdorp Canvas & Mining Supplies**
- **10 plus 10 Pryse: Oewerhengelaars / Boothengelaars**
    - **1st prize Top Ten shore – R10 000!**
    - **1st prize Top Ten boat – R10 000!**
    - **R20 000 Spar cash vouchers & much, much more!**
- **1- 5 Prizes Ladies: R10 000 SPAR cash vouchers**
- **1- 3 Prizes Juniors: Prizes sponsored by Exel.**
- **Big Banger Prizes:**
    - **Opel Corsa valued at R80 000 for the biggest carp above 10kg**
    - **Heaviest catfish caught by a shore angler above 25kg wins the R30 000 cash!**
    - **Heaviest carp caught by a boat angler above 9,5kg wins the R30 000 cash!**

(Weights are determined by the records caught at previous tournaments)

- **Lucky draws:**
  - **Pre-Entry Lucky draw – Paindane Holiday Resort, Mozambique to the value of R10 000!**
  - **Super Cast "Water is Life" Cast for Cash – 3 X R1000 cash!**
  - **Leisure Club "Keep the dam Clean" – 2 X R10 000 holiday prizes**
  - **Many More!**

Tight Lines Teams Bonanza:

- **R35 000 cash Prizes**
  - **1st Team R10 000 boat / 1st Team R10 000 shore**
  - **2nd Team R5000 boat / 2nd Team R5000 shore**
  - **3rd Team R2000 boat / 3rd Team R2000 shore**
- **Many lucky draws, including cash prizes for the best dressed Team and Team with most original name**

HENGELREËLS / ANGLING RULES:

General:

1. It is a boat and shore angling competition.
2. Participants must register at gates.
3. Only participants may participate in Bonanza.
4. Open line class. Two rods per angler.
5. Hounette en life wells sal voor elke kompetisie nagegaan word.
6. Deur in te skryf aanvaar deelnemers die hengelreëls.
7. Any participant who contravenes the angling rules will be disqualified.
8. Organiser's decision is final.
9. Jy moet te enige tyd op versoek van 'n beampte jou hengelkaartjie kan toon.
10. Reg van toegang voorbehou. No refunds.
11. Drankmisbruik en onbeheersde gedrag sal nie geduld word nie. Oortreders sal aangekla en deur die S.A.P van die terrein verwyder word.
12. Sportmangees, boot-en-oewerhengelaars respekteer mekaar se regte.
13. 'n Oneerlike hengelaar pleeg bedrog, nie net teen die organiseerders of die borge nie, maar ook teen JOU, die eerlike hengelaar. Rapporteer asseblief enige bedrog of afwyking van die hengelreëls. Dit is vir jou eie beswil.
14. Eko-Care keur voerplekke af. Merkers slegs tydens die kompetisie toegelaat sodat deelnemers nie oor mekaar se lyne gooi nie.
15. Damreëls van die SAPS, Oorde en Provinsies geld.
16. Geen quadbikes en troeteldiere by oorde toegelaat nie.
17. Geen hengel op Donderdag 26 April vanaf 18h00 totdat Stywe Lyne Spanne kompetisie begin nie en op Vrydag 27 April vanaf 18h00 totdat Spar Bonanza begin nie.

Oewerhengel:

18. Sandveld en Noordwes (uitgesonderd die gedeeltes gereserveer vir boothengelaars en hoofborge).
19. Jy kan alleenlik plek hou vir laatkommers vir soveel mense as wat jy hengelkaartjies aan Hoofoewerbeampte kan toon.
20. Geen kampering binne hengelsone van 10 meter vanaf damoewer toegelaat nie.
21. Canoes and bait boats are permitted. Lifejackets are compulsory.
22. Geen petrolaangedrewe bote om aas uit te neem nie.

Boat angling:

23. Launching from the official launching sites only.
24. Only participants on boats. No passengers.
25. No boat fishing within 300 meters from shore anglers.
26. No boats allowed to beach at the shore angling areas.
27. Geen boothengelaars in oewerhengelseksie toegelaat nie.
28. Boat anglers may fish from allocated shores, but will be judged according to boat points system. (Not allowed to beach on private property.)
29. Boats must have the necessary safety equipment.
30. Boats equipped with night navigation equipment are allowed at their own risk on the dam during the night.
31. Boats not allowed to cruise on the water after sundown (must stay anchored).
32. Skippers must complete “SAPS lock-in control document” and hand it back to official before launching. The lock-in document is available at Registration at the gates of resort. Each boat will receive a SAPS boat disk that must be put back onto the disk board where you have launched by the skipper when returned.

Inweeg:

33. Hengelkaartjie moet getoon word om vis te kan weeg.
34. Vis wat geweeg word, word die eiendom van die Organiseerders.
35. **Only your biggest fish of a specie will be weighed**. Rather catch & release. Slegs visse wat groot genoeg is om vir ‘n prys in aanmerking geneem te word, sal geweeg word. **No bags loaded with fish will be allowed at weigh-in.** No culling at the weigh-in allowed.
36. Waterlab / Geoscience sal wenvisse ontleed om vas te stel of vis uit Bloemhofdam kom en wanneer die vis gevang is.
37. **Only live fish will be weighed. No damaged fish will be weighed.**
38. Each participant must have his or her own keep net or live well.
39. It is in your own interest to weigh your fish for Big Banger prizes immediately.

Prize-giving

40. Participants must be at prizegiving at Sandveld and present his angling ticket to be considered to win any prize.
41. You can only win one prize with one fish.
42. One prize per participant, lucky draws excluded.
43. All participants automatically participate for all prizes in the fishing tournament. The computer weigh-in programme will sort out the winners of the different prizes.

44. The first 10 shore prizes and 10 boat prizes will be determined according to the Eko-Care Fishing Table. In case of a tie the winner will be determined by a draw.
45. "Big Banger" motorprys: Grootste karp bo 10kg wen Opel Corsa twv R80 000.
46. "Big Banger" kontantprys: Massa prys. Grootste karp bo 9,5kg deur 'n boothengelaar gevang wen R30 000 kontant. Grootste baber bo 25kg deur 'n oewerhengelaar gevang wen R30 000 kontant.
47. The organizers reserve the right not to hand out any specific prize when foul play or any irregularity is suspected.
48. Lucky draw for the **Keep the dam Clean Competition**. **You must hand in your bag with litter** and tear-off slip in Lucky Draw Box.
49. **Water is Lewe** - Cast for Cash kompetisie. Handig jou botteltjie met water in.
50. **Pre Entry** Lucky draw. Get a stamp on the back of your angling ticket when you arrive at the gates.

Stywe Lyne / Tight Lines Teams Bonanza

51. Open Teams angling tournament begins at **08h00 until 16h00** on 27 April 2007.
52. Target species: Only **carp** will be weighed.
53. Teams may consist of 1 to 4 anglers per team.
54. Teams must register to participate in the teams tournament. Hand in your Entry Form at the weigh-in.
55. Weigh-in at **Sandveld** only.
56. Weigh-in opens at **14h00** on 27 April.
57. Weigh-In ring closes at **17h00** on 27 April.
58. **NB**.Only the team's **four biggest carp** will be weighed. You decide wich are your biggest carps. No culling allowed at the weigh-in.
59. Prizes 1-3 for heaviest bag of four carps per team, boat and shore anglers respectively.
60. Prizes for most original Team name or best dressed team.

SPAR Bonanza

61. Hengelkompetisie vind op 28 April 2007 tot 29 April 2007 plaas. Dag- en nagkompetisie.
62. Hengeltyd:**Oewer** - Saterdag **08h00** tot Sondag **08h00**
63. Hengeltyd: **Boot** - Saterdag **09h00** tot Sondag **09h00**.
64. Target Fish Species: **Carp**, (excluding grass carp) and **Catfish**.
65. **Weigh-in** Saturday **11h00 – 19h00**. Sunday **06h00 – 09h00** (shore) / **06h00 - 10h00** (boat) on both Northwest at Ablution block and Sandveld at the launching. You will be allowed to weigh anytime during the competition.

STYWE LYNE SPANNE BONANZA

Die Stywe Lyne Spanne Bonanza is 'n hengelkompetisie en vind op Vrydag voor die SPAR Bonanza plaas. Spanne kan bestaan uit een tot vier hengelaars. Jou span moet 'n naam hê. Slegs karp kom in aanmerking en net jou span se vier grootste vis word geweeg. Daar is 'n boot en oewer afdeling met pryse vir die eerste drie wenners in elke afdeling. Die eerste

spanne kry elk R10 000 kontant, die tweede R5000 kontant elk en die derde R2000 kontant elk. Die beste van dit alles is dat deelname aan die Stywe Lyne Bonanza gratis is vir alle deelnemers aan die SPAR Bonanza! Al wat u span moet doen is om in te skryf om deel te neem aan die Stywe Lyne Bonanza. Afgesien van individue is klubs en borge ook welkom om hulle spanne in te skryf. Pryse vir mees oorspronklike naam en beste spandrag.

BOOTHENGEL

Boothengelaars kan op eie risiko tydens die Spar Bonanza op die water oornag. Die SAPS Watervleuel is daar om boothengelaars by te staan. Gee asb ag op hulle instruksies. Bote moet toegerus wees met die nodige veiligheidstoerusting soos lewensreddingsbaadjies, ligte, ligfakkel (flare), ens. Boothengelaars wat nie op die water wil oornag nie, kan vanaf ‘n oewer net vir boothengelaars gereserveer langs die lansering (Sandveld en Noordwes) hengel. Geen boot mag in die donker op die water vaar nie. Anker in ‘n veilige baai vir die nag. Boothengelaars mag nie tussen oewerhengelaars hengel nie en mag ook nie op privaatoewers hengel nie. Moet asb. nie enige flares afvuur tensy ‘n noodsituasie dit verg nie! Bote sal vooraf deur beamptes gevissenteer word om te kyk vir vis. Onthou om SAPS Lock-in te voltooi voordat jy lanseer!

OEWERHENGELAARS

Oewerhengelaars mag aasbote en kano’s gebruik. Onthou jou lewensreddingsbaadjie as jy roei. Oewers sal Vrydagoggend en Saterdagoggend deurgegaan word om alle onwettige visse te konfiskeer. Elke hengelaar sit waar hy plek kry. Hengelaars moet medehengelaars in ag neem en nie meer plek vat as wat billik is nie. As jy plek wil hou vir laatkommers moet jy hengelkaartjies vir hulle staanplek kan toon. Klein motorbote word nie toegelaat om aas in te neem nie.

INWEEG

Inweegpunte op elke oewer is alle ure oop. Sien hengelreëls. Inweegpunte is by lansering by Sandveld en by Ablusie by Noordwes. Moenie met ‘n sak vis by die inweeg opdaag nie. Vang en vrylaat word aanbeveel. Weeg slegs jou grootste vis per spesie vir die Spar Bonanza en vier swaarste karp vir die Stywe Lyne Bonanza. Die rekenaarprogram sal jou beste prys wat jy kan wen uitwerk. Een vis kom in aanmerking vir een prys. Jy kan dus nie die R30 000 kontant wen en ‘n ander prys met dieselfde vis wen nie. Onthou om jou inskrywingskaartjie saam te bring na die inweeg en onthou dat elke hengelaar sy eie hounet moet hê. Jy moet jou Spanne inskrywingsvorm voltooid inhandig by Inweeg vir die Spanne kompetisie voor jy kan weeg. Teikenspesies is karp en baber. LW. Moddervis is nie meer ‘n teikenspesie nie.

PRYSUITDELING

Die prysuitdeling volg sodra die inweeg afgehandel is op Vrydag en Sondag. Jy moet jou hengelkaartjie kan toon om enige prys te kan wen. Jy moet teenwoordig wees by die prysuitdeling om jou prys te ontvang. Een prys per deelnemer, uitgesonderd gelukkige trekkings. Jy moet jou sak met rommel

inhandig om vir Leisure Club se vakansieprys in aanmerking te kom. Gee die borge en organiseerders die ondersteuning wat hulle toekom. Sonder hulle kan die toernooi nie plaas vind nie. Laaste maar nie die minste nie – kom ons gee aan **God** die eer wat aan ons die wonderlike voorreg gee om ons hengelsport te kan beoefen. Laat ons dan ook Sondag as sodanig vier!

Hoe werk die Eko-Care Hengeltabel?

The Eko-Care Fishing Table has been compiled with the help of fishing experts and the data of fishing competitions throughout RSA over a period of 20 years.

Die Eko-Care hengeltabel is ‘n prestasietabel soortgelyk aan die bekende SASOL Atletiek prestasietabel. Hiermee kan die beste prestasie met ‘n objektiewe standaard, naamlik die hoogste punte behaal vir enige een van die teiken visspesie, bepaal word. Die Eko-Care Hengeltabel is sedert laasjaar se Bloemhof Bonanza hersien om die verskillende teiken visspesies, baber en karp op ‘n regverdige manier teen mekaar op te weeg. Daar is ‘n hengeltabel vir elkeen van die teiken visspesies. Hoe groter jou vis is, hoe meer punte verdien jy. Die tabel is relatief tot die grootte van die teikenvisspesie. Byvoorbeeld:

Oewerhengeltabel.	Karp10kg	=	1000 punte
	Baber 20kg	=	1000 punte
Boothengeltabel	Karp12kg	=	1000 punte
	Baber 22kg	=	1000 punte

Simply weigh your fish and see how many points you have earned on the Fishing Table. The bigger your fish the more points you get. The angler who earns the most points on a carp and catfish together, is the overall winner. All the other prizes (except the Big Banger Prizes) will be determined according to the most points for a single target specie. Because experience has shown that boat anglers have a slight advantage over shore anglers in open competitions, they earn slightly less points than a shore angler for the same size fish.

Die hersiene Eko-Care hengeltabel sal by die Bonanza uitgedeel word.

‘n Paar interessante feite ten opsigte van vorige Bonanzas:

- Baber het sover die meeste kere die wenvis gewees.
- Karp het die meeste Top tien opgelewer.
- Die grootste baber het 25kg geweeg en is vanaf die oewer gevang
- Die grootste karp het 9kg geweeg en is vanaf ‘n boot gevang. Grootste karp tydens ‘n kompetisie gevang 11,5kg.
- Die grootte tussen oewerkarp en bootkarp is nie noemenswaardig nie.
- Oewerhengelaars het die Bonanza meer kere gewen as boothengelaars
- Volgens vorige jare se tendense moet ‘n deelnemer ten minste 700 punte vir ‘n vis kry om in die Top Tien te kom. Wenners behaal gewoonlik 900 punte.

Hoe werk die Big Banger pryse?

Die "Big Banger" pryse is ‘n baie gewilde komponent van die Bonanza en maak deesdae van byna alle groot hengelkompetisies deel uit. Wat sal nou lekkerder wees as om met ’n Opel Corsa bakkie of R30 000 kontant van hierdie hengeltoernooi af weg te ry! Enige deelnemer staan 'n kans om 'n Big Banger prys te wen. Dit maak die hengelkompetisie net soveel opwindender as daar sulke groot pryse op die spel is!

Deelnemers moet egter besef dat die Big Banger 'n prys is wat slegs gewen kan word indien aan die vereiste voldoen is soos deur die borg vasgestel. Die vereistes word met groot sorg vasgestel sodat dit alhoewel moeilik, nie onbereikbaar is nie. Indien jy as deelnemer nie van die Big Banger kompetisie hou nie, staan dit jou vry om nie aan die hengelkompetisie deel te neem nie. Moenie by die prysuitdeling kla indien die prys nie gewen is nie. Neem asseblief met die regte sportmansgees aan die kompetisie deel.

'n Big Banger prys is vergelykbaar met 'n "hole-in-one" gholfhou. Dit kan behaal word, maar dit is nie maklik nie. Niemand kla by 'n gholftoernooi indien hierdie prys nie gewen word nie. Soos Gary Player na 'n kolhou gesê het: "The more I practice, the luckier I get!"

Heelwat Big Banger pryse is al by ons Bonanzas gewen byvoorbeeld 'n Toyota Tazz, twee KIA Shuma voertuie en R30 000 kontant!

How does the Super Cast “Water is Life” – Cast for Cash - lucky draw works?

All you have to do is to buy as many sample bottles as you wish for only R2 each. Take a sample of water in the dam, write your angling ticket number on the label and hand your bottle in at the Information Center at the prizegiving. A lucky draw at the prizegiving will determine the winners of the 3 x R1000 cash prizes sponsored by **Super Cast**! The water samples will be tested by Waterlab to see what the quality of the water in the Bloemhof dam is. Help us to conserve our angling waters!

Hoe werk die LEISURE Club Hou die dam skoon Kompetisie?

Deelnemers moet hulle hengelarea asb. skoon agterlaat. Plaas al die rommel in julle SPAR plastiesesakke en bring dit na die Prysuitdeling. Daar is ‘n sleepwa vir die rommelsakke en ‘n houer vir jou Leisure Club afskeurstrokie. Voltooi die strokie en plaas dit is die Leisure Club Lucky Draw houer. Die strokie moet asb volledig voltooi wees om in aanmerking te kom vir ‘n trekking. Jy moet ook jou sak rommel inhandig om in aanmerking te kom vir die Leisure Klub vakansiepryse. Kom hou die dam skoon, asb!

Waterlab / GeoScience anti-bedrog ondersoek

Alle wenvisse sal nagegaan word om vas te stel of die visse in Bloemhofdam gevang is. Chemiese toetse kan bepaal of die vis uit Bloemhofdam kom en morfologiese en annalitiese toetse kan bepaal hoelank terug die vis gevang is. Oneerlike deelnemers sal van bedrog aangekla word!

Vissers vir Jesus

Die organiseerders wens hiermee Christen hengelaars te nooi om deel te wees van ‘n groep hengelaars wat bekend sal staan as Vissers vir Jesus by

die Bloemhofdam Bonanza. Die gedagte spruit voort uit ‘n wonderlike preek wat Ds. Frans van Niekerk by ‘n vorige Vaaldam Bonanza gepreek het oor die dissipels van Jesus wat ook vissers was. Die gedagte is om deelnemers wat Christene is uit te nooi om op ‘n sigbare wyse hulle Christenskap te verkondig. Die organiseerders glo dat daar baie Christen hengelaars is wat nie vir hulle geloof skaam is nie en ook op die wyse tydens die Bloemhofdam Bonanza sal wil getuig. Nader gerus die Organiseerders vir meer inligting om deel te wees van die Vissers vir Jesus groep.

SPESIALE DIENSTE

Om die hengeltoernooi aangenaam te maak en vlot te laat verloop is vir die volgende voorsiening gemaak:

- **Tosca’s Hengelgerei (Sandveld)**
  - Alle hengelbenodigdhede soos visstokke, katrolle, vislyn, hoeke, skepnette, hounette en ‘n verskeidenheid van al die bekendste aas, doepas en dips sal te koop wees.
- **SPAR BLOEMHOF**
  - Kom doen u naweek se aankope by SPAR BLOEMHOF, digby die dam. Daar is spesiale aanbiedinge en afslag vir die naweek gereël. Boonop is daar pryse en spesiale geskenkpakkies wat u die naweek net by SPAR BLOEMHOF kan wen!
- **EXEL BLOEMHOF**
  - Soos gebruiklik het Exel weer ‘n **Topshop** by Sandveld met hout, sigarette, koeldrank, ens. Maak gerus ook ‘n draai by Exel in Bloemhof om jou motor en boot se brandstof te hervul.
- **Danlou Motor & Marine**
  - Danlou Motor & Marine is by die dam om te help met onderdele en herstelwerk van enige motorbote.
- **SAPS Watervleuel en polisiëring**
  - Polisiebeamptes is die naweek by Bloemhofdam om na die deelnemers om te sien. Baie dankie!
- **Medies**
  - **NETCARE** Klerksdorp is by Bloemhofdam om alle noodgevalle te hanteer. HK by Sandveld Noodnommer 084 361 4826.
- **BEHEERSENTRUM**
  - Vir enige noodgevalle tydens die naweek skakel 082 574 7427 (Noordwes) of 082 924 3130 (Sandveld) of besoek die Beheersentrum by Sandveld. Hoofoewerbeampte Sandveld: Eddie 082 632 5999 / Noordwes: Nerina 083 759 3168
- **Gratis YS**
  - Gratis ys en ‘n Goodie Bag vir die eerste 2000 deelnemers met die komplimente van SPAR by hekke.
- **INWEEGPUNTE**
  - Inweegpunte by lansering by Sandveld en by Ablusie by Noordwesoewer. Skakel inweegbeampte om die minimum gewigte vas te stel. 082 632 5999 Sandveld of 083 759 3168 Noordwes
- **Big Fish Safaris**

- Big Fish Safaris, of te wel Hennie Papenfus se manne is daar om ‘n DVD opname te maak van die hele Bonanza wat later landswyd verkoop sal word.

A sincere thanks to all our sponsors. Please support them!!

Want to be a sponsor?
Do your company wants to become a valued sponsor at our Bonanza, or do you know of any sponsor who possibly wishes to become involved? Contact Bernard Venter 083 444 2790 for more info.

Vrywaring

Ek aanvaar dat die organiseerders en / of borge van hierdie kompetisie geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige gebeurlikheid wat uit die kompetisie mag voortspruit nie. My deelname geskied op eie risiko en ek kan geen eis teen die organiseerders en /of borge instel nie.

Onthou die VAALDAM Bonanza wat by Jim Fouche aangebied word op 24-25 November 2007

Kaart van die dam